# 13 Februarie 2024 - Lesing 236 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Verduideliking ten opsigte van voedsel **–** 17/11/61

**NO: 8041** Ek wil julle gees verlig as julle My daarvoor vra: Die siel se werklike taak tydens haar lewe op aarde is **om volle rypheid te bereik**, want aan die begin van haar aardse bestaan is haar substansies nog min of meer onryp. Sy moet nog baie instinkte wat sy saamgebring het uit haar vorige vergestaltings oorwin en sal altyd die geleentheid hê tydens haar aardse lewe **om dit te bemeester, mits haar wil goed en op My gerig is.**

Maar sy gaan egter deur die **sataniese realm**, wat beteken dat sy 'n voortdurende stryd moet voer solank as wat haar lewe op aarde duur. Keer op keer sal sy in aanraking kom met geestelik onvolwasse substansies, wat sy ook in die vorm van voedsel verorber ten einde die liggaam fiks te hou, en hierdie substansies moet ook deur die siel **vergeestelik** word, dit is, sy moet probeer om alles in die **korrekte orde** te bring. Dan sal hierdie geestelike substansies by die liggaam aansluit, - hulle dien vir die groei en bewaring van dit wat aan die siel as 'n **uiterlike bedekking** gegee is, **waarin die siel self ten volle haar volwassenheid moet bereik**.

Die geeste, die substansies in kos, is dus van diens en **styg ook sodoende stadig omhoog**, ongeag of hulle uit die plante- of diereryk kom. Die voeding wat benodig word deur die liggaam as onderhoud is **geestelike substansie, ook in die proses van rypwording**, wat al verskeie grade van ontwikkeling bereik het.

Die liggaam kan ook iets ongesonds inneem, dit is, voeding wat **nog te veel onvolwasse geestelike substansies bevat**, wat dan nie net die liggaam sal pla nie, maar ook die siel **en manifesteer in die vorm van siektes.**

Maar 'n sterk siel is egter in staat om hierdie onvolwasse substansies in orde te bring, maar sy moet **alreeds 'n hoë graad van geestelike rypheid bereik het**, om in staat te wees om 'n verlossende uitwerking te hê op die nog onryp geestelike substansie.

Die **korrekte voorbereiding van voedsel** kan dus rypwording vinniger bevorder deur die uitskakeling van kwaadaardige geestelike substansies voordat dit in aanraking kom met die menslike liggaam.

Want alle geestelike substansies wat nog in die skepping ingeperk is, het 'n lae graad van rypheid, maar hulle kan vinniger verlos word indien hulle die mens gewillig dien. Dan kan hul weg verkort word, wat die geval is **wanneer die liggaam toegee aan die siel se wil,** as die liggaam nie 'n siel se bewustelike strewe na die bereiking na volmaaktheid verhoed nie en wanneer hierdie geestelike substansies ook die siel ondersteun deur hulself te onderwerp aan die liggaam en hulle ook te laat vergeestelik.

Maar dit gebeur net as die voedsel wat die liggaam gebruik **suiwer, gesond en voordelig is vir die liggaam se voortbestaan**. Want as die siel eenmaal daarin slaag om die liggaam toegeeflik te maak deur homself te onderwerp aan die siel se wil, sal die liggaam se vergeesteliking gou plaasvind, mits die siel haarself verenig het met die gees in haarself; dus doelbewus streef na geestelike volmaaktheid.

As die siel egter geen verband met haar gees het nie, dan sal sy toelaat dat sy deur haar liggaam beheer word.

Dit wil sê, **alle ongeestelike substansies van haar uiterlike bedekking sal die siel sterk oorheers en beheer;** - in daardie geval sal haar gedagtes en doelwitte **slegs op haar fisiese welstand gerig wees** en dan sal 'n hoë inname van kos en drank ook haar geestelike ontwikkeling verhinder.

Die liggaam sal dan 'n oormaat van ongeestelike substansies inneem **wat liggaam en siel sal aftrek**, want dan sal alles van 'n sataniese natuur hulleself na die voorpunt stoot en sal geen weerstand vind nie, om dus **hoër ontwikkeling in gevaar te bring**, indien nie geheel en al te **verhoed** nie.

**En weereens volg dit dat gebed vir die seën van alle voeding die beste manier om hierdie gevaar te vermy**.

Ek kan en sal alles wat nadelig is vir julle siele **omskep** as julle net altyd aan My sal dink voordat julle julle voedsel eet, wat altyd minder of meer onryp geestelike substansies sal bevat, want alles wat deur die werke van die skepping gaan, is nog aardsgebonde, welke graad van ontwikkeling dit ookal bereik het.

Julle wil om volmaaktheid te bereik op aarde word deur My gewaardeer, **en 'n gebed vir die seën van alles wat julle eet, bewys altyd julle wil vir My** en Ek sal altyd daaraan voldoen.

Maar, dit wat dien vir die instandhouding en groei van die liggaam voldoen aan hul eintlike taak, dit is **dienend**. En op hierdie manier moet julle altyd kyk na die verbruik van voedsel.

Die feit dat 'n sekere **matigheid** in ag geneem moet word, dat julle nie net moet voldoen aan julle fisiese drange nie, spreek vanself, want dan sal julle die gevaar vermy dat julle liggaam geteister sal word deur skadelike geestelike substansies.

Julle het nie enige spesiale duidelikheid nodig oor watter kosse nuttig is en watter nadelig is vir julle nie, **want julle wil om in My ewige orde te leef, sal julle ook die regte gevoel gee in die keuse van julle maaltye**.

En alles kan goed wees vir julle, net soos alles julle kan skaad as julle **nie by die regte hoeveelheid hou nie**, of as drange julle aanhits om dit te bevredig. Want julle moet weet dat slegs julle vrye wil bepaal tot watter mate julle die versoekings van die teenstander kan weerstaan, van julle siel se vyand. En hy sal altyd

gebruikmaak van alles wat 'n gevaar vir julle kan word. Hy sal drange in julle opwek, **hy sal die liggaam gebruik om jou siel te beïnvloed** en haar onder druk sit waar dit ookal vir hom moontlik is.

Hy is self nie in staat om julle te dwing nie, net soos wat hy geen direkte invloed het op die geestelike substansie wat nog steeds gebind is in die materie nie, maar **hy kan julle wil na hom neig** as julle die gedagtes wat hy aan julle stuur deur drange aanvaar en daaraan voldoen, deur óf die bevrediging van hierdie drang of deur onverskillig te wees in die keuse, sowel as die hoeveelheid kos of selfs doelbewuste sonde teen My orde wat julle egter baie goed ken en ook kan nakom met 'n goeie wil.

So dra julle by tot die verlossing van onryp substansies in die materie deur die **inname van die korrekte hoeveelheid** voedsel en drank, omdat die rypwordingsproses van hierdie klein geestelike deeltjies die feit behels dat hulle van diens kan wees en so gou as wat julle hulle in staat stel om te 'dien' help julle hulle om ryp te word.

Ek het Self hierdie dienende funksie of diens plig opgedra aan alle skeppingswerke, en as die mens self in die goddelike orde lewe, sal hy nooit die geeste se hoër ontwikkel verhoed nie, in watter vorm hulle ookal gebind is.

Want Ek het ook die mens met al sy behoeftes geskep, en dit is aan hom gegee om altyd **matigheid voor oë** te hou in die gebruik van dit wat Ek aan hom toegeken het in liefde en wysheid.

En enigiemand wat nie doelbewus wil sondig nie, sal ook gebruik maak van al die **skeppings wat Ek aan hom toegeken het,** op watter geestelike vlak hulle ookal mag wees, **volgens My bedoelde orde**.

En in eenheid met My sal hy altyd 'n beroep doen vir My seën en dan ook bydra tot die feit dat sy liggaam se nog onvolwasse geestelike substansies sowel as dit wat die liggaam verbruik vir sy instandhouding, in die regte orde gelei sal word, dat hulle ryp sal word gedurende die aardse lewe volgens My wil. Amein.